Nuusbrief - Noordelike Sinode

verskil

Ek wil asb **inteken op Verskil** / **Kanselleer asb my intekening** op Verskil

- **Kontak ons by** tel 012-440 6525; e-pos: hermien@noordsin.co.za of kom **besoek ons by** Sinodehuis, Steve Bikostraat 125 (B), Sunnyside.
- **Noordelike Sinode se facebook** (http://www.facebook.com/noordsin) en **twitter** (http://www.twitter.com/noordsin)
- **Kampterreine:**
  - **Badseloop**: *Vir besprekings, kontak* ***Francois Genis****, 071 777 9302 of 014 743 0152, epos badseloopjeugkamp@gmail.com*
  - **Emmarentia Geldenhuys (AcaDeo)**: *nuwe webwerf:* www.egst.co.za
  - **Magaliesberg:** ***Willem Rautenbach*** *- 0717916039 of magaliesbergjeugkamp@gmail.com of Facebook by https://www.facebook.com/magaliesbergjeugkamp/*

18 Augustus 2017
Nr 29/2017

Warm nuus!

❖ "DinkJeugNoord"

Aandag: leraars en jeugwerkers

Die Taakspan Jeug beplan 'n **gespreksgeleentheid** op **Dinsdag** ***29 Augustus 2017*** te AcaDeo (Emmerentia Geldenhuys kampterrein), buite Bela-Bela. Dit sal van van **08:30** tot **15:30** duur en *alle predikante en jeugwerkers* word genooi om te kom saam dink, kuier en beplan. Persone wat wil, sou reeds die 28e se aand op die terrein kon oornag.

*** Kyk asseblief na die videos**:

Besoek https://m.youtube.com/watch?v=1oPPtGwEjjE óf https://www.facebook.com/corne.randall/videos/10209811054702491/

*** Bevestig asseblief jou bywoning** vóór *24 Augustus 2017* met die taakspanleier, *Corné Randall* by 072 207 8350 / corne@ngoverkruin.org.za.

❖ Leraarsontwikkeling: *30 Oktober -1 November 2017* [15 VBO-punte]

Dit is min dat predikante die geleentheid kry om binne 'n veilige ruimte hulle bedieningsvaardighede te evalueer en daarna aksieplanne op te stel om areas waar daar nog groei nodig is, aan te spreek. Die Noordelike Sinode se taakspan vir leraarsontwikkeling skep nou sulke geleenthede om predikante te ondersteun sodat hulle in die gemeente of bedieninge waar hulle tans is, lewensgeluk en bedieningsvreugde kan ervaar.

Ons wil predikante uitnooi om deel te word van die eerste amptelike geleentheid waar ons nege predikante in ons sinode die geleentheid wil gee om die proses te deurloop. Dit vind hierdie jaar plaas van 30 Oktober tot 1 November by NG Kerk Kameeldrif. [**Lees asseblief die volle uitnodiging hier**...]

❖ 2017 Lentekonferensie: Het jy al ingeskryf?

Excelsus se twaalfde Lentekonferensie, **Lente in Bediening en Teologie** vind plaas vanaf ***19-21 September 2017*** by die NG Universiteitsoord en die Universiteit van Pretoria.
Die **inskrywingsfooi** beloop R1050-00 per persoon. Emeriti en studente betaal slegs R600-00.
Besoek http://www.excelsus.org.za/lentekonferensie.html om aanlyn te registreer.
NB: *Predikante van die Noordelike Sinode wat dit graag wil bywoon, maar wie se gemeentes nie voorsiening maak vir die kostes nie, kan die direkteur, Paul Grobler, kontak by paul@noordsin.co.za.*

Sinodale nuus

❖ Bybel-lees met 'n verskil

Die **volgende byeenkoms** vind op ***22 Augustus 2017*** om 11:00 by **Blue Crane Restaurant** plaas.
** **Skriflesing**: *Eksodus 1:8 – 2:10*
** **Navrae:** Fanie Cronjé (083 415 1452) of Kobus Myburgh (083 227 7185)

❖ Rentmeesterskap

Die moderatuur het by sy laaste vergadering 'n taakspan vir rentmeesterskap aangewys. Persone wat graag op die taakspan wil dien kan 'n epos stuur aan Hermien by hermien@noordsin.co.za.

❖ Skoolverwisselingskamp vir graad 7 leerlinge:

Die Noordelike Sinode - Ring van Pietpotgietersrus bied 'n **Skoolverwisselingskamp** aan vir alle Graad 7's, te BADSELOOP (± 13 km suid van Naboomspruit (Mookgopong).

Volgende jaar lê met groot opwinding en tog groot onsekerheid voor, vir hierdie groep jongmense ... *Hoërskool; Nuwe vakke; Dalk koshuis; Nuwe vriende ...*

Om die jongmense te help om al hierdie veranderings te hanteer, word dié kamp aangebied, wat beslis 'n heerlike belewenis sal wees wat hul nooit sal vergeet nie!

Ons kamp vind hierdie jaar plaas vanaf Maandag, ***2–6 Oktober 2017***

Bekende leraars van die NG Kerk wat goed onderlê is, jonk van hart is en die Graad 8/9 kind baie goed ken, tree op as **Geestelike leiers**. Ons gebruik net ons beste en bekwaamste mense om die kamp vir elke jongmens onvergeetlik te maak.

Die **koste** vir die kamp beloop **R700** per persoon PLUS busgeld van **R120-00** vir die Pietersburg- en Potties bus.

Navrae: Skakel gerus die kampleier ***ds Jacques Erasmus*** [sel 072 653 9845, epos: ds.jacques.erasmus@gmail.com]

Inskrywingsvorms beskikbaar by: ***Me Anita Hurn*** [tel 015 491 3537, faks, 015 491 3537 / 086 547 2382 of e-pos: admin@ngpottiessuid.org.za

****

Personeel: Ons het ook plek vir 'n klompie jongmense (Belydenisklas / Gr 11 jongmense) om as **"personeel"** saam te kamp. Die personeel kamp vanaf: Saterdag**,** ***30 September 2017*** (09:00) ***tot*** Vrydag, ***6 Oktober 2017*** saam met ons.
NB: Personeel **moet** die verpligte personeel opleidingsnaweek, van *30 September en 1 Oktober 2017* bywoon!
Die **koste** vir dié kamp beloop **R700** per persoon.

Kollega nuus

❖ Innige meegevoel

Die volgende persone is gedurende die week oorlede:
Harm Bonnema (emeritus en vroeër van Louis Trichardt);
Albertus (AJ) Smuts (emeritus (91) en vroeër professor in Praktiese Teologie by Teologiese Fakulteit UP) – 'n Gedenkdiens vind plaas op Vrydag, ***25 Augustus 2017***, om 13:00 by Kronendal Aftree-oord.
Eleanor Dekker (eggenote van wyle (dr) Braam Dekker).

❖ Verjaarsdagwense *Hartlik geluk aan die volgende persone met die herdenking van hul geboortedag:*

21/08 Martin Lazenby [Emeritus, 079 493 4957, doklazenby@gmail.com]
26/08 Wouter de Vos [Wonderboompoort, 083 268 9793, whdevos@gmail.com]

Erika van Tonder [Wonderboom, 083 641 6897, ngkwboom@absamail.com]
27/08 Petrus Kriel [Levubu, 082 898 2081, krielpj@mweb.co.za]
28/08 Pieter Botha [Emeritus, 082 413 9292, pieterbotha@telkomsa.net]
29/08 Koos Serfontein [Rustenburg-Wes, 082 725 7180, ngwesrust@telkomsa.net]
Hennie Gouws [Emeritus, 082 555 3526]
01/09 Hennie Kotzé [Rustenburg-Moeder, 082 615 7272, henniekotze001@gmail.com]
****
29/08 Magda Pretorius [Louis Trichardt, 015-516 0646, janpretorius@stadopdieberg.co.za]
30/08 Marieta Hurn [Krokodilrivier, 012-252 5151, rynohurn@yahoo.com]
31/08 Jacqueline Odendaal [Mootvallei, 082 497 1891, riaan.odendaal@telkomsa.net]

Gemeente nuus

❖ **Verjaarsdae: Baie geluk!**
Suidoos-Pretoria [Gestig 27/08/1947]
Erasmia [Gestig 29/08/1970]
Mootvallei [Gestig 01/09/2011]

❖ **Tuinrand: Mini-Basaar**
Datum: ***25 Augustus 2017*** (vanaf 16:00 tot laat)
Adres: h/v Louise & Diamandstraat, Claremont
Hamburgers, pannekoek, koeldrank, koffie en tee, jaffels, kerrie en rys, koek, nagereg, pap en wors en 'n wit olifantstalletjie... Kom geniet dit saam met ons!

❖ **Doornpoort**: **Doornfees 2017** – *So lekker dis amper 'n skande!*
Lekker man lekker saam met Thys die Bosveldklong!!
Datum: ***26 Augustus 2017*** (09:00-15:00)
Pret-draf reeds om 07:00
Pap en kaiings / of boerewors, worsbroodjies, hamburgers, kerrie & rys, pannekoek, spesiale melkskommels, poedings, tuisgebak, stalletjies, tafeltennis, boeresport, tombola, teetuin, spookhuis en nog vele meer.
Kom voorspel die rugby uitslag en wen R1 500.00!!
Waar: Baobabstraat 841, Doornpoort.

❖ **Waterberg: Dankfees**
Datum: Saterdag, ***26 Augustus 2017*** om 08:00
Tema: **Karnaval**
Groot pret! Baie te eet en te geniet soos pap en kaiings, deli produkte, Hollandse lekkernye, sosaties en al die bekende staatmakers sommige met 'n heerlike ekstra soos pannekoeke met vulsels.
Vir huistoe neem: Gebak, vrugte en groente, plante, winskoop artikels, naald en -handwerk.
Heerlike aktiwiteite soos Kruiwastoot om die kerk, Mallemeule en baie aktiwiteite vir kinders.
Spesiaal: *'n* ***Lewende Reformasie 500 program*** *in die konsistorie. Dit begin met die loslaat van 500 duiwe om 8:00 en om 9:00 protesteer "Martin Luther" met sy 95 stellinge teen die kerkdeur.*

❖ **Brits: Aarbeifees**
Die gemeente se jaarlikse Aarbeifees (*in samewerking met Brits Mall, In-2-foods en ander borge*) is om die draai!! Baie opwindende en nuwe gaskunstenaars, meer stalletjies en hope vermaak word vir die fees beplan.
Wanneer: ***1 - 2 September 2017***
Waar: Brits Mall
Toegang: R30 p/p

❖ **Eldoraigne Familiekerk** bied aan: **"Die Klaagliedere van ds Tienie Benade"** [*Opgevoer deur Frank Opperman en geskryf deur Dana Snyman*]
Wanneer: Saterdag ***2 September 2017*** om 19:00

Kaartjies: R100.00
Hierdie is deel van hulle gemeentefees wat die middag om 13:00 begin met 'n lekker Duitse-geur en groot garage-verkoping!
Waar: Henriweg 1045, Eldoraigne
Navrae: Tel 012 654 6904 of bedien@eldofam.co.za of www.eldofam.co.za

❖ Wespoort: Karnaval

Datum: Saterdag, ***9 September 2017***
'n Hartlike uitnodiging om die dag saam te kom geniet – baie te eet en drink! Springkasteel en skattejag met baie pryse!
Adres: Morkelstraat 77, Dannville

Ander nuus

❖ Loving Thy Neighbour

'n Geregistreerde liefdadigheidsorganisasie wat gratis diens lewer aan gemeentes, kerke, liefdadigheids-organisasies, skole en ander instansies wat donasies nodig het
In 'n snel veranderende omgewing waarin die digitale wêreld en sosiale media 'n al hoe groter wordende rol speel help hulle dié instansies met veral drie dinge:

- om hulle nóg meer sigbaar te maak in die gemeenskap en die digitale wêreld deur sosiale media aan te wend tot bevordering van hulleself en hulle werk en die verkryging van finansies van buite;
- om banktransaksiekostes op debietorders en donasies aan hulle te bespaar; en
- om strategieë te help ontwikkel en te implementeer sodat hulle in die huidige ekonomiese omgewing kan floreer.

Hulle bied 'n gratis platform aan waarop organisasies hulle digitale voetspoor kan verbeter en daardeur hulle kanse om donasies en/of bystand van buite eie bereik te kry verbeter.
Hulle bied ook gratis opleiding in die benutting van sosiale media en blogging hiervoor aan.
***Besoek gerus** www.lovingthyneigbour.org, of https://www.facebook.com/LovingThyNeighbour/ of kyk na die kort video deur dr Gustav Gous, by http://www.youtube.com/watch?v=Y23FX0oOw0c&feature=youtu.be
***Navrae**: Dr Gerhard Bothma (0824123479)

❖ Excelsus nuus:

Kursusse: **Aangebied deur Harm Knoop, Nederlandse skrywe en Jungiaanse sielkundige** (*Kyk ook* www.harmknoop.nl.*)*

Jung, religie en 'n nuwe (maar o so oue spiritualiteit) - ***21 en 22 Augustus 2017*** (12 VBO-punte en 10 VBO-punte vir voltooiing van die opdrag).
Plek: Stellastraat NG-Kerk, Brooklyn
VBO-punte: 12 punte vir bywoning en 10 punte vir voltooiing van die werkstuk
Koste: R550 per persoon per dag.**Predikante R350 per dag.** Meld net jou naam, gemeente en kursus wat jy bywoon.
Verversings word voorsien. Middagete kan vir aflewering bestel word.
Bespreek by drpietmuller@gmail.com deur R350 te betaal in rekening van Sindikom-dienste Bk, Absa Brooklyn, takkode 362005, Spaarrekening 38099720074

Rou en Verlies-begeleiding - ***18 en 19 Augustus 2107*** (9 VBO-punte en 10 VBO-punte vir voltooiing van die opdrag)
Plek: Stellastraat NG-Kerk
Doel: Om insig te verkry in ons eie roustyl en omgang met pyn.
Werkwyse: 'n Belangrike werkwyse wat ons gebruik is "Inquiry"/selfondersoek
Prys: R550 per persoon per dag. **Predikante R350 per dag** . Meld net jou naam, gemeente en kursus wat jy bywoon.
VBO-punte: 9 punte vir bywoning en 10 punte vir voltooiing van werkstuk.
Verversings sal voorsien word. Middagete kan vir aflewering bestel word.
Bespreek by drpietmuller@gmail.com deur R350 te betaal in rekening van Sindikom-dienste Bk, Absa Brooklyn, Takkode 362005. Spaarrekening 38099720074

Leef jou eie lewe (Oor religie, mites, Jung en ons self) - ***24 en 25 Augustus 2017*** (12 VBO-punte en 10 VBO-punte vir voltooiing van die opdrag).
Plek: Stellastraat NG-Kerk

Koste: R550 per persoon per dag. **Predikante R350 per dag**. Meld net jou naam, gemeente en kursus wat jy bywoon.
Verversings sal verskaf word. Middagete kan vir aflewering bestel word.
Bespreek by drpietmuller@gmail.com deur R350 te betaal in rekening van Sindikom-dienste Bk, Absa Brooklyn, takkode 362005, Spaarrekening 38099720074

Neem asseblief kennis dat die prys vir ***blokbespekings van vyf of meer persone R350 per dag is***. Vir hierdie doel kwalifiseer alle predikante vir die laer prys. Hulle moet net die naam van die kursus, hul eie naam en hul gemeente se naam meld waneer hulle bespreek, om vir die laer prys in aanmerking te kom.
Vir enige verdere navrae of kursusbesprekings, kontak asseblief vir Piet Muller by Bespreek by drpietmuller@gmail.com

Kursus: **Annual SAAM [South African Association of Mediators] Conference [12 VBO punte]**
Dates: ***23 & 24 August 2017***
Venue: Rosebank Union Church, William Nicol Drive, Parkmore, Sandton
Registration and final payment to be made by the 7th of August 2017
Information:
Day one – conference: http://saam.co.za/downloads/annual-saam-conference-day-1.pdf
Day two – workshop: http://saam.co.za/downloads/annual-saam-conference-day-2.pdf

Kursus: **Brugbediening**
Kursus koördineerders: Malan Nel en Howard du Toit
Plek: Universiteit van Pretoria
Registrasie kode: P001151
Week 1: ***28-31/08/2017***; **Week 2:** ***06-09/11/2017***
Kursus koste: R1 900 (VAT inkl)
Inskrywings: Kontak vir Hesmarie Bosman by 012 420 4952.

Kursusse wat gedurende September deur die Universiteit van Pretoria gereël word:
U kan vir die volle tyd die betrokke kongres bywoon; dit is egter ook moontlik om slegs vir 'n enkele dag te registreer.
Suid-Afrikaanse Vereniging vir Nabye Oosterse Studies (SAVNOS):
Datum: ***5-6 September 2017***
Plek*:* NG Universiteitsoord
VBO-punte: 9 punte
Ou-Testamentiese Werkgemeenskap van Suidelike Afrika (OTWSA)
Datum: ***6-8 September 2017***
Plek: NG Universiteitsoord
VBO-punte: 15 punte
Registrasie kan tot Maandag *28 Augustus* plaasvind: http://www.otwsa-otssa.org.za/conferences/pretoria-2017/
EFT betalings: Stuur asb bewys van betaling aan: d**r** Jo-Mari Schader by jo-mari.schader@up.ac.za

Uitnodiging: **Konferensie aangebied deur die Fakulteit Teologie, Univ van Pretoria**
Tema: **"Maak oop die hekke vir 'n nuwe perspektief op versoening"**
Datum: ***7 September 2017***
Lesingsaal: Eeufeeslokaal, Fakulteit Teologie, Univ van Pretoria
Sprekers: prof Johan Buitendag; dr Frank Chikane; prof Piet Meiring en prof Nico Koopman
RSVP: Anchen November by anchen.november@up.ac.za teen *20 August 2017*
Navrae*:* Anchen November (012)4202669
Plek vir 60 persone

❖ Nuusbriewe

- **Bybel-Media nuus** [Besoek www.bybelmedia.org.za]
  Hierdie week is die fokus op die September-uitgawe van ***LiG*** en pragtige doopkerse [Lees hier verder]

- **CLF-nuus** [Besoek www.clf.co.za]

  September REFO 500 pamflet: "Vrygemaak... om anders te werk" deur prof Nelus Niemandt - Hierdie is die 9de pamflet in die reeks van pamflette wat CLF ter viering van die Reformasie 500 uitgee en is beskikbaar in Afrikaans en Engels. Hierdie pamfletonderwerpe word ook maandeliks op CLF se gratis slimfoon toep gelaai, indien u verkies om dit elektronies aan u gemeentelede beskikbaar te stel.

  Barmhartigheidsmaand

  As jy die Engelse woord "compassion" (barmhartigheid) opdeel, kry jy "com" beteken "with" (met) en "passion" beteken letterlik "to suffer" (om te ly). Dus beteken "compassion" letterlik "om saam te ly". Ware barmhartigheid beteken dus aksie – nie emosie nie. Dit beteken om ander te dien en iemand in nood se laste te help dra. Hierdie aksie kom nie natuurlik nie – die Heilige Gees werk in ons om aan ons die begeerte en die krag te gee om te dien en ander met menswaardigheid te behandel.

  Christelike Lektuurfonds herinner gemeentes aan die pragtige pamflette wat ons in opdrag van Seisoen van Menswaardigheid Taakgroep in Afrikaans en Engels beskikbaar het.

  Vir verder navrae en bestellings, stuur e-pos na** order@clf.co.za **of skakel 021 873 6964

❖ **Kursus in Spirituele Begeleiding: 2018**

Die kursus, aangebied deur die Ring van Suidoos-Pretoria, word oor 15 maande in 7 blokke aangebied, die eerste en tweede laaste by 'n retreat-sentrum naby Pretoria, en die res by die NG Kerk Stellastraat in Brooklyn, Pretoria.
Die datums vir 2018 is die volgende: ***18-23/2; 10-12/4; 5-7/6; 14-16/8; 16-18/10*.**
Vir navrae, stuur asseblief 'n e-pos na wnicol@mweb.co.za of kontak hom by 083 966 7831.

Gebedslys

*Hiermee **'n vriendelike uitnodiging aan ons lesers** om enige **sake vir voorbidding** aan ons te stuur by hermien@noordsin.co.za.*

- Dankie vir die Bybel in Afrikaans (Bybelsondag 27 Augustus)
- Gestremdes (Sondag vir gestremdes 27 Augustus)
- Waternood in die Kaap

Vakatures, aflosposte en aflos-aanbiedinge

Algemene Sinode: Vakature – Finansiële beampte
Posisie: Boekhouer
Minimum kwalifikasies (essensieel): Matriek
Kwalifikasies (aanbeveel): Toepaslike Tersiêre kwalifikasie
(Bv. Diploma in Boekhouding, Toepaslike Tersiêre kwalifikasie)
Minimum toepaslike ondervinding (jare):
• Ten minste 10 jaar toepaslike ervaring van boekhouding tot op proefbalans vlak
• Ten minste 5 jaar ervaring in die NG Kerk omgewing sal 'n sterk aanbeveling wees
Aansoeke
Volledige cv's kan gestuur word aan: Sophia de Kock sophiadk@ngkerk.org.za
Navrae kan gerig word aan: Pieter van Rooyen pieter@clshr.co.za
Sluitingsdatum vir aansoeke: ***25 Augustus 2017***

[Lees die volledige inligting hier...]

2016 Proponente

Kontakbesonderhede van die proponente wat in 2016 gelegitimeer is:

- *Eddie Brown* [082 305 3972; malmaneddie@gmail.com]
- *Antje du Plessis* [Kontak haar by 078 095 0616; antjeduplessis@gmail.com]
- *Berenice Esterhuyzen* [072 794 5928; aesterhuyzen@clinix.co.za]
- *Jaco Heymans* [084 264 4895; jacoheymans@yahoo.com]
- *Danielle Laubscher* [082 496 9024; daniellelaubscher317@gmail.com]

- *Bernice Serfontein* [083 417 5133; bernice.serfontein@gmail.com]
- *Dirk Steyn* [079 023 8539; dircoeste@gmail.com]
- *Marileen Steyn* [082 701 3258; marileen.steyn@gmail.com]
- *Stanwin Street* [079 525 5695; stanwins@gmail.com]
- *Anandie Vosloo* [083 251 7213; anandievosloo@gmail.com]

❖ **Vakatures in Kerkbode geadverteer**
Besoek: *http://kerkbode.christians.co.za/category/vakatures/*

❖ **Lys van leraars en emeriti wat aangedui het dat hulle beskikbaar is om deeltyds of op 'n kort termyn uit te help** – Kliek hier

Ten slotte



BYLAES

Leraarsontwikkeling
Predikantebegeleiding

Leraarsontwikkeling: 30 Oktober - 1 November 2017

Dit is min dat predikante die geleentheid kry om binne 'n veilige ruimte hulle bedieningsvaardighede te evalueer en daarna aksieplanne op te stel om areas waar daar nog groei nodig is, aan te spreek. Die Noordelike Sinode se taakspan

vir leraarsontwikkeling skep nou sulke geleenthede om predikante te ondersteun sodat hulle in die gemeente of bedieninge waar hulle tans is, lewensgeluk en bedieningsvreugde kan ervaar.

Ons wil predikante uitnooi om deel te word van die eerste amptelike geleentheid waar ons nege predikante in ons sinode die geleentheid wil gee om die proses te deurloop. Dit vind hierdie jaar plaas van ***30 Oktober tot 1 November*** by NG Kerk Kameeldrif.

Dit gaan soos volg werk:

1. *Die predikant word 'n deelnemer óf op grond daarvan dat hy/sy deur die taakspan uitgenooi word, of omdat hy/sy self versoek het om deel van die proses te word. 'n Predikant kan ook deel van die proses word omdat sy/haar ring met 'n proses in die gemeente besig is en dit daarom wenslik ag, óf omdat die gemeente/kerkraad dit versoek het.*
2. *Die predikant word gevra om 'n vraelys op gelykkansige wyse deur vyf persone oor hom/haarself te laat invul en aan te stuur. Die taakspan verskaf die vraelys.*
3. *Die predikant (deelnemer) meld vir 'n periode van drie dae by die gesprekke aan.*
4. *Daar word een begeleier vir die drie dae aan elke predikant toegewys wat die hele proses meemaak. Die predikant bring ook sy/haar mentor saam. Die drie persone vorm saam 'n span en werk vir die drie dae as 'n eenheid saam. Indien die predikant nie 'n mentor het nie, kan ons help om 'n geskikte mentor te kry.*
5. *Aan die einde van die proses is daar 'n omvattende terugvoer-sessie waarin al die terugvoere en evaluerings geïntegreer word. Dit vind nooit in die groot groep plaas nie, maar slegs in 'n gesprek tussen die predikant, die begeleier en die predikant se eie mentor.*
6. *Aan die einde van die drie dae word 'n aksieplan saam met die predikant en sy/haar mentor opgestel*.

Reiskoste na Kameeldrif en etes word voorsien. Indien die predikant of sy/haar mentor nie self slaapplek in Pretoria het nie, is julle welkom om te skakel dat ons vir julle slaapplek reel. Dit is noodsaaklik dat almal die volle tyd teenwoordig moet wees.

Predikante wat belangstel om die proses te deurloop, moet hulle name vóór *15 September 2017* aan Hermien stuur – hermien@noordsin.co.za

Skakel gerus ons taakspanleier vir leraarsontwikkeling, Roelf Opperman op sy selfoon 0823351156 as jy meer inligting benodig.

Predikante wat bywoon ontvang 15 VBO-punte.

Terug

Bybel-Media Nuusbrief 14/2017

September-uitgawe van LiG ...

In LiG se September-uitgawe vertel Simoné Nortmann van die roeping wat God vir haar gekies het. Kom vind uit hoe God jóú klein gebare gebruik om die wêreld te verander. En hoe 'n ware visser van mense leef.
LiG kuier by 'n predikant wat hoop bring in 'n huis vir haweloses. Ons gee raad om die verlies van jou troeteldier te verwerk. En hoe om dit te hanteer as jy broeis is, maar jou maat nie.
Wonder jy oor kinders in jul kooi? Dan het LiG goeie antwoorde. Of het jou kind leerprobleme? Kundiges sê dit kan dalk weens swak ogies wees.
LiG – 'n tydskrif met Christelike inhoud wat die hele gesin sal verryk en inspireer.
Die September-uitgawe is nou te koop in boekwinkels en supermarkte.

Bybel-Media Handel: Gemeente-hulpmiddels

Doopkerse

Baie gemeentes gee bv 'n Bybel en doopkers vir die ouers wanneer hulle kind gedoop word. Die doopkers word elke jaar op die kind se doopdatum as herinnering en viering van die doop aangesteek. Die geskikte doopkerse is nou beskikbaar.
Pakket: 10 kerse netjies verpak - individueel toegedraai . Die 10 bandtjies is deel van die pakket. Bandjies word deur skriba voltooi en op die kerse geplak.
Prys : **R375.00** (BTW en posgeld ingesluit). Bestel sommer dadelik.

Inligting, Navrae en Diensverskaffing:

- Skakel 0860 26 33 42 óf 021 864 8210
- Of stuur jou bestelling per e-pos na: bestel@bmedia.co.za
- Of koop met jou kredietkaart op die webtuiste: www.bybelmedia.org.za , klik dan op winkel, óf tik die produknaam in.

Terug

Vakatures, aflosposte en aflos-aanbiedinge

Die volgende predikante is beskikbaar vir preekbeurte en/of afloswerk:

- ***Anton Binneman*** *[083 236 3590, drbinneman@gmail.com]*
- ***Gerhard Bothma*** *[082 412 3479, gerhard@drgerhardbothma.co.za]*
- ***Willie Crous*** *[072 536 6775, willie.crous@gmail.com]*
- ***Corrie Greeff*** *[082 928 5586, cwgreeff@absamail.co.za]*
- ***Zachie le Roux*** *[083 799 5911, zachie.leroux@gmail.com]*
- ***Ernst Muller*** *[012-527-0015 of 082-656-1107, erdvark@xsinet.co.za]*
- ***Fanie Steyn*** *[012-997 5003, 082 441 1500, fsteyn7@gmail.com]*
- ***Stanley Strydom*** *[083 299 1090, stanley.strydom@gmail.com]*
- ***Wynand van Beek*** *[083 265 1118, wynandbe@nfp.nedbank.co.za]*
- ***Danie van Niekerk*** *[082 045 6881, vanniekerkmail@gmail.com]*

Die volgende emeriti het aangedui dat hulle beskikbaar is vir preekbeurte en/of afloswerk:

- ***Jannie Botha*** *[083 303 9767 of 012-344 3768, jjbotha@mweb.co.za]*
- ***Henk Gous*** *[083 267 0108, e-pos: henkgous@mweb.co.za]*
- ***Hennie Horn*** *[082 743 9238 of 012-548 5796, henniehorn@telkomsa.net]*
- ***Anton Jordaan*** *[083 380 0346, adoonsjordaan@gmail.com]*
- ***Casper Krüger*** *[082 387 1099 of 012-348 3205: cek3kr@gmail.com]*
- ***Martin Lazenby*** *[079 493 4957, doklazenby@gmail.com]*
- ***Louis Louw*** *[012-9931574 of 072 461 663, louisklouw@absamail.co.za]*
- ***Barend Piek*** *[072 185 4297, piek.barend@gmail.com of plaaspad@polka.co.za]*
- ***Bertus van der Westhuyzen*** *[082 788 4466, b@telkomsa.net]*
- ***Louis van Deventer*** *[012-567 6566 of 082 567 0945, louisvand@absamail.co.za]*

Terug

Algemene Sinode

Vakature – Finansiële beampte

POSISIE: BOEKHOUER: Algemene Sinodalekantoor, Hatfield, Pretoria

Minimum kwalifikasies (essensieel): Matriek
Kwalifikasies (aanbeveel): Toepaslike Tersiêre kwalifikasie
(Bv. Diploma in Boekhouding, Toepaslike Tersiêre kwalifikasie)
Minimum toepaslike ondervinding (jare):
• Ten minste 10 jaar toepaslike ervaring van boekhouding tot op proefbalans vlak
• Ten minste 5 jaar ervaring in die NG Kerk omgewing sal 'n sterk aanbeveling wees
Verantwoordelikheid:
• Insleutel van transaksies op beide Pastel Partner en Sage ERP 300
• Rekonsiliasies
• Voorbereiding van boeke tot op proefbalans vlak
• Bystand met opstel van finansiële state
• Bystand met opstel van begroting
• Kontrolering van begroting
• Bystand tydens oudit
• Hantering van debiteure en krediteure
• Voorbereiding, opstel en verkryging van goedkeuring van betalings
• Byhou van bate register
• Toepaslike finansiële administrasie
Rekenaar geletterdheid (essensieel):
• Pastel Partner en Sage ERP 300 of verwante rekeningkundige sagteware
• Kennis van MS Office
* MS Excel (Intermediêr)
* MS Word (Basies)
* MS PowerPoint (Basies)
* MS Outlook
• Internet gebruik en 'n werkbare kennis van die instandhouding van 'n databasis.

• Aanvaarbare tikspoed en vlak van korrektheid.
Taalvaardighede: Afrikaans en Engels (Lees, praat en skryf)
Vereiste vaardighede:
• Baie goeie syfer vaardighede
• Besondere akkuraatheid in uitvoering van pligte
• Moet in staat wees om eie werk te beplan, organiseer en te implementeer
• Gemaklik te kommunikeer binne spanverband, na buite en op senior- en professionele vlak
• Goeie organisasie vaardighede
Ander posvereistes
• Verkieslik ervaring in die NG Kerkverband
• Verkieslik lidmaat van die NG Kerk
• Bestuurderslisensie
Aansoeke
Volledige cv's kan gestuur word aan: Sophia de Kock sophiadk@ngkerk.org.za
Navrae kan gerig word aan: Pieter van Rooyen pieter@clshr.co.za
Sluitingsdatum vir aansoeke: ***25 Augustus 2017***

Terug